

**Skriflesing:** 1 Petrus 1: 22 – 25; Jakobus 1: 19-25

Teks: **1 Petrus 1:23; Jakobus 1:21**

Sing: **VOORAF SANG- Ps. 128:1,2,3**

**TYDENS EREDIENS- Ps. 33:1,3; Ps. 32:1; Ps. 31:13, 15; Ps. 89:6,13**

**1 Petrus 1: 22 – 25**

1Pe 1:22 Noudat julle julle in gehoorsaamheid aan die waarheid gereinig het om mekaar as broers ongeveer lief te hê, moet julle mekaar dan ook van harte en vurig liefhê.

1Pe 1:23 **Julle is immers weergebore, nie uit verganklike saad nie, maar uit onverganklike saad: die lewende en ewige woord van God.**

1Pe 1:24 Die Skrif sê: "Die mens is soos gras, en al sy prag soos 'n veldblom; die gras verdor en die blom val af,

1Pe 1:25 maar die woord van die Here, dít bly vir ewig." En hierdie woord is die evangelie wat aan julle verkondig is.

**Jakobus 1: 19-25**

Jas 1:19 My liewe broers, dít moet julle in gedagte hou: elke mens moet maar te gewillig wees om te luister, nie te gou praat nie en nie te gou kwaad word nie.

Jas 1:20 'n Mens wat kwaad word, doen nie wat voor God reg is nie.

Jas 1:21 **Daarom moet julle al die sedelike vuilheid en ongeregtigheid opruim wat so welig tier, en ootmoedig die woord aanneem wat God in julle geplant het, want dié woord kan julle red.**

Jas 1:22 Julle moet doen wat die woord sê en dit nie net aanhoor nie, anders bedrieg julle julleself.

Jas 1:23 Iemand wat altyd net die woord aanhoor en nooit doen wat dit sê nie, is soos een wat na sy gesig in 'n spieël kyk:

Jas 1:24 hy bekyk homself, gaan van die spieël af weg en vergeet dadelik hoe hy gelyk het.

Jas 1:25 Maar iemand wat hom verdiep in die volmaakte wet wat 'n mens vry maak, en hom daaraan hou en nie vergeet wat hy hoor nie, maar dit doen, hy sal gelukkig wees in wat hy doen.

**Skriflesing:** 1 Petrus 1: 22 – 25; Jakobus 1: 19-25

Teks: **1 Petrus 1:23; Jakobus 1:21**

Sing: **VOORAF SANG- Ps. 128:1,2,3**

**TYDENS EREDIENS- Ps. 33:1,3; Ps. 32:1; Ps. 31:13, 15; Ps. 89:6,13**

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, watter aangrypende beeld gebruik Petrus as hy na God se Woord verwys as onverganklike saad. Saad wat die Grieks noem σποράς maar die saad is onverganklik ( ἀφάρτου ). Ons word weergebore uit hierdie onverganklike saad. Dadelik besef ons dat ons kan nooit hierdie besondere werk en besondere gebeurtenis losmaak van die werk van die Heilige Gees nie. Dis alleen die Heilige Gees wat so met God se Woord kan werk dat die Woord onverganklike saad sal wees.

Om dadelik ook by Jakobus aan te sluit. Dit is alleen die Heilige Gees wat die woord in 'n mens kan inplant. Weer asof daar 'n onverganklike saadjie is wat in jou ingeplant moet word. Vanuit hierdie inplanting kan ek die woord ootmoedig aanneem en kan dit wees 'n woord wat ons red. So sterk stel Jakobus dit. Die woord red ons. Daarsonder kan ek nie gered word nie!

Wanneer ons Petrus dit hoor sê- dat hy na die woord verwys as onverganklike saad, dan is dit 'n baie eenvoudige maar eintlik ook 'n baie ryke beeld wat hy gebruik. Ons ken die proses van saai

en plant. Paulus het ook dikwels in sy werk daarna verwys as hy met God se Woord besig is. Een plant, 'n ander moet natmaak, maar dis alleen God wat kan laat groei. 1 Kor 3 vers 7 noem hy die een wat plant en natmaak; hulle is nie die belangrikste nie, hulle is eintlik niks nie, stel die ouer vertaling dit, maar alleen God wat laat groei.

\*\*\*

Jesus se eerste gelykenis wat Hy op aarde vertel het, het ook by saad begin. Heelwat van Jesus se gelykenisse het met saad verband gehou. Jesus se eerste en eintlik ook sy langste gelykenis gaan juis oor die saad wat op verskillende terreine geval het. Die verskillende terreine is tekenend van wat wat hier binne jou en my aangaan. Die oppervlak van jou hart. Lyk my hart dalk soos die hardepad...? Daar is net geen uitwerking nie, dis asof daar net mooi niks gebeur nie. Die voëls kan dit maar net kom oppik. Dit vul net andere se kroppe.

Die saad wat in die vlak grond was, daar is ontkieming, maar geen behoorlike groei nie; daar kom nie diepte nie. Hoe het die tydsgees besit geneem van mense wat regtig baie oppervlakkig met die Woord van God omgaan. Dis asof daar aan die buitekant 'n mooi vertoon is van 'n geestelike stand maar die oomblik as dit gaan om die diepere werking, daar waar werklike diepte en groei moet wees, dan is dit eintlik maar net 'n social gospel, wat baie oppervlakkig kan wees. Hier word ons herinner aan Jesus wat by die vyeboom vrug gesoek het, ja tussen al die baie blare deur, was daar geen werklike vrug nie, net 'n klomp blare (vgl. Matt. 21:19). Jesus het die vyeboom vervloek. Die enigste wat ons weet daar 'n vervloeking in 'n gelykenis was.

Dan die saad tussen die onkruid en die dorings waar dit verstik geraak het. Dis die hart wat deur die verleidinge en welluste van die wêreld so verstik raak dat die goeie saad kry nie deur al die onkruid gebreek nie. Hoe maklik neem sulke onkruid dan ook besit van ons harte. Dit verstik die hart al meer en dieper, hoe meer ek die onkruid toelaat om in my lewe gesaai te word.

Dan natuurlik ook die saad wat op die goeie grond geval het met goeie vrug op verskillende vlakke. Selfs sestig-voudig en meer. Dis die tipe saad wat ons in Petrus lees, dit is onverganklik, ons word weergebore uit hierdie saad van die ewige en lewende woord van God. Met sulke saad en met so 'n besondere groei dan daar gewerk word.

Die ander gelykenis wat ons Here vertel het lees ons in Markus 4: 26-27. Dis ook 'n besondere gelykenis wat met Jakobus en Petrus in verband gebring moet kan word - 26 *Verder het Hy* (dit is Jesus) *gesê: "Met die koninkryk van God gaan dit só: Iemand saai die saad op die land 27 en gaan slaap en staan op, dag na dag, en die saad ontkiem en groei – hóé weet hy self nie. 28 Vanself bring die aarde die graan voort, eers 'n halm, dan 'n aar, dan die vol koringaar.*

Die klem wat Jesus hier plaas op die saad wat ontkiem en groei- met die onmiddellike byvoeging- die boer kan dit nie bewerk nie ... *hoe weet hy self nie* ... want hy as boer het maar net gesaai ... en dan sê die Here in sy gelykenis- *Vanself bring die aarde die graan voort* ... Die Grieks gebruik hier die woord ( *Αὐτομάτη* ), ja duidelik hoor ons waar ons woord outomaties vandaan kom.

\*\*\*

Dit wat vir die mens lyk na dit gebeur vanself, outomaties, wat lê alles agter hierdie saadjie. Besef u wat sit agter hierdie *vanself*, dit wat lyk vanself gebeur, daaragter lê iets baie dieper. Die diepte en werking van God se Woord is waaroor dit gaan. Die klein, klein saadjie wat in die grond gesit word, watter inligting word alles in so 'n saadjie gestoor. Die wetenskap is al vir baie eeue daarmee besig maar die antwoorde is maar nog gebrekkig. Geen mens kan dit in alle geval namaak of naboots nie.

In daardie klein saadjie is daar reeds 'n bietjie energie opgesluit wat ons noem die *endosperm*. Tegelyk, dink nou maar aan 'n boontjie pit of 'n koringkorrel, of 'n mieliepit, of dalk nog kleiner saadjies, blomsaad, wat baie klein kan wees. Binne daardie saadjie is geleë onnaspeurbare genetiese inligting, met nanometriese dimensies (m.a.w. dit is kleiner as die miljoenste van 'n millimeter) maar die genetika so klein, niemand kan dit sien of namaak nie, met daardie genetika word die ontkieming en groeiproses binne daardie saadjie aan die gang gesit.

Hoe gou spruit daar ondertoe 'n worteltjie uit, dit wat die plant sal moet anker en ook van water en voedingstowwe moet voorsien. Tegelyk kom daar 'n sprietjie wat so liggies die grond wegskuiwe wat genoeg inligting bevat om 'n outomatiese sonkragsentrale te laat ontstaan. Wetenskaplikes noem dit *fotosintese* wat eenvoudig daarop neerkom, daardie blare wat vinnig na vore kom word die mees effektiewe sonkragsstelsel wat die mens met sy sonpanele op 'n manier

kon na aap. God het dit baie lankal reeds, met die skepping in 'n klein klein saadjie vasgelê dat blare die sonlig moet kan opneem en dit in brandstof kan verander wat die energie aan die groeiende plant voorsien.

Dit alles in een ou klein saadjie vasgelê wat ek met my asem kan wegblaas as ek daarop blaas. Maar self kan ek dit nie skep of eers namaak nie, al kan ons die inligting daaruit tot werklike groot voordeel gebruik. Dis darem maar belaglik om ongelowige wetenskaplikes dit te hoor sê dat hierdie onnaspeurlike inligting deur verbysterende toeval self in die saadjie ingeprogrammeer kon word.

\*\*\*

En nou as Petrus God se Woord met hierdie saad vergelyk, dan is die saad wat alreeds so wonderlik is, alles nog verganklike saad. Wat daarvan as ons met die Woord van God besig raak en ek besef hierdie is onverganklike saad?! Ons word wedergebore uit die onverganklike saad van God se Woord. In die lewende woord van God is daar 'n bymekaarbring van dit wat 'n saadjie wonderlik maak maar daar sit nog soveel meer. Ons kan sê die Woord is die deur Godgeprogrammeerde-saad waardeur die Heilige Gees die plant van die saligmakende geloof in jou en my wil tuisbring. Soos God verganklike saad wonderlik geskep het, is Petrus deur God se Gees tot die besef gebring dat die onverganklike saad, dit wat vanoggend ook weer uit die Woord gesaai word, besit die magsvermoë om jou en my te red.

Daardie werking wat ons noem wedergeboorte is 'n ondeurgrondelike geheimenis, baie duidelik is dit net God wat jou en my kan wederbaar. Dit wat Petrus dan sê ... *Julle is immers weergebore, nie uit verganklike saad nie, maar uit onverganklike saad: die lewende en ewige woord van God.* Die mens daarenteen besit ook in homself/haarself plantaardige eienskappe, maar hoor hoe noem Petrus ons ... *“Die mens is soos gras, en al sy prag soos 'n veldblom; die gras verdor en die blom val af, 25 maar die woord van die Here, dit bly vir ewig.*

\*\*\*

As u en ek as gras iets van hierdie dinge my eie maak, besef u hoe groot is God se werk en God se genade dat ek dan nie by gras vassteek nie. As God op wonderbaarlike wyse, ja wondermagtig, laat God die onverganklike saad van sy Woord in jou en my “gras”-lewe ontkiem. Die mens word weergebore. Dit is enkel en alleen net God se werk. Ons saai hier in

swakheid, in swakheid word daar vir ons kinders die meeste Sondaes katkisasie gegee. Ons menslike kant is maar gras, maar behoede die een wat die werk van die Gees onderskat. Die een wat glo mense vernuf en tegniek dit maak die saad wonderbaar. Nee, ons en ons kinders word nie weergebore uit verganklike saad nie, maar uit die onverganklike ... uit wat God met die saai van sy Woord ons en ons kinders by wil uitbring. Moet nie God se werk onderskat nie, want waar die woord werk daar keer niemand nie en waar God keer daar werk niemand nie. Hoe het Jesus dit ook duidelik gemaak - *Niemand kan na My toe kom as die Vader wat My gestuur het, hom nie trek nie* (vgl. Joh. 6:44).

\*\*\*

As ons iets hiervan begryp dat Petrus noem die Woord *onverganklike saad*, kan ons nie anders om Jakobus hierby te bring waar Jakobus ons duidelik daarop wys, as die saad werklik in jou ontkiem het, dan sal gebeur wat in Jakobus 1 vers 21 staan- *21 Daarom moet julle al die sedelike vuilheid en ongeregtigheid opruim wat so welig tier, en ootmoedig die woord aanneem wat God in julle geplant het, want dié woord kan julle red.* Weereens gaan dit om die waarde van God se Woord. As jy reeds deur die onverganklike saad weergebore is, dan eindig die pad nie. Dit is dan eintlik maar die begin.

Dit gaan om ons verdere omgang met God se Woord. Jakobus skryf aan mense wat die woord van God op 'n wyse hulle harte ingekom het wat ons net weer moet aangryp. Dit was mense wat reeds wedergebore was, maar wat eintlik alleen op hulle gehoor moes staatmaak. Daar was nog nie boekdrukkuns, daar was nie Bybels wat hulle maar net kon vat en dit begin lees nie.

Al manier hoe hierdie mense die woord kon ontvang is om op 'n afgesproke tyd bymekaar te kom en dan is daar gedeeltes uit die Ou Testament gelees (of van die briewe van Paulus, of watter gedeelte in die Nuwe Testament wel al beskikbaar kon wees). Baie kon ook nog nie lees nie en die gelese gedeeltes was nog op papyrus of perkament-rolle geskryf, ja hoe omslagtig, sal baie mense vandag sê. Daar is baie tyd en baie moeite daaraan bestee om die woord as onverganklike saad sy verdere werk in mense se lewens te laat doen. Dis waarom Jakobus ook skrywe juis vanweë die feit dat mense baie makliker wil praat as wat hulle bereid is om te luister. Hy skryf dan - *19 My liewe broers, dit moet julle in gedagte hou: elke mens moet maar te gewillig wees om te luister, nie te gou praat nie en nie te gou kwaad word nie*

Jakobus besef dit ook en hy noem veral twee redes hoekom daar deeglik met die verdere omgaan van God se Woord gewerk moes word. Moet nie te vinnig praat nie, erger nog, dis dikwels ook 'n kerklike reaksie. As mense tereggewys word, dan word hulle kwaad. Hulle word vinnig kwaad. Moet nie te gou terugpraat, te gou kwaad word nie, wees maar te gewillig om te luister as God met ons praat. Hoekom is hierdie prate, hierdie spreke van God, hierdie ingeplante woord so belangrik. Twee redes! Eerstens dit is in staat *om siele te red*. Weereens dit gaan oor jou en my ewige lewe, óór die lewe hierna. Die tweede rede is daar moet vrug wees, daar moet iets in jou lewe gebeur wat maak dat ek nie net 'n hoorder van die woord is nie, maar ook 'n dader.

Op die wyse groei die woord binne jou, dit wat Jakobus dan ook noem die *ingeplante* woord. As ons in die Grieks na die woord kyk wat as inplanting of dan nou die *ingeplante* woord verwys dan wys dit op iets wat binne jou 'n vaste plek verkry in die veronderstelling daar sal nog weer verdere ontwikkeling rondom die inplanting plaasvind.

Die mens wat werklik die inplanting ontvang met die gesindheid waardeur die Heilige Gees die onverganklike saad binne jou plant word nie alleen 'n geredde siel nie, maar vers 25 verbind ook 'n besondere blydschap hieraan. Jakobus skryf so 'n dader van die woord sal gelukkig wees in wat hy doen dit (Jak 1:25).

Daar is baie dinge op hierdie ou aarde wat ons ongelukkig kan maak. Hoe ongelukkig was ons nie al dikwels in ons lewens gewees nie. Daarom besef ons vandag as God se woord as onverganklike saad my ingeplant word, ja Petrus en Jakobus kom bymekaar hoe eindeloos kosbaar is dit! Dit is wanneer jy mag voel jou lewe is nag, dit is stikdonker in alles rondom jou. Ek kan nie waag 'n enkele tree uit myself in hierdie duisternis te gee nie. Ek kan in hierdie donkerte nie loop sonder 'n sterk betroubare lig nie. Sou ek dit waag gaan ek my te pletter val. Dan besef ons op 'n ander wyse die kosbaarheid van God se Woord. Dit word dan die lig op jou pad, die lamp vir jou voet wat al die duisternis rondom jou kan wegjaag.

Jakobus wys ook op nog 'n ander manier na die kosbaarheid van die ingeplante saad, die onverganklike saad wat die Woord van God is. Dis soos iemand wat na homself/haarself in 'n spieël kyk. 'n Goeie spieël kan nie lieg nie! Hoor hoe mooi sien Jakobus dit ... *23 Iemand wat altyd net die woord aanhoor en nooit doen wat dit sê nie, is soos een wat na sy gesig in 'n spieël kyk: 24 hy bekijk homself, gaan van die spieël af weg en vergeet dadelik hoe hy gelyk het. 25 Maar iemand wat hom verdiep in die volmaakte wet wat 'n mens vry maak, en hom daaraan hou en nie vergeet wat hy hoor nie, maar dit doen, hy sal gelukkig wees in wat hy doen.*

Ek moet my in God se spieël van my lewe, in God se Wet moet ek my kan verdiep. Dan werk die Heilige Gees baie kragtig in jou en my. Dan sien ons die dieper dinge van die lewe raak. Dan dink ons nie ligtelike oor die onverganklike saad van die ingeplante woord van God nie. Die wet is dan nie vir my 'n speelbal nie, maar eerder die spieël bal wat die ratte van my lewe 'n gladde oorskakeling wil maak. Al lewe ek in volle vaart ek moet hou by die lig, by die krag by die spieël van die ingeplante woord. So werk die Heilige Gees in elkeen wat wedergebore is.

So een sien die swaarkry rondom ons. Hoe sluit Jakobus hierdie hoofstuk af. Waar die woord jou 'n dader van die woord maak, dan is ek met egte en suiwer godsdiens besig. Ek kry my tong intoom gehou, ja my tong is 'n baie gevaarlike lid van my liggaam. Jakobus gaan in die volgende hoofstuk nog dieper daarop in. Dit eindig nie by onse tonge nie, maar die onverganklike saad laat my die verganklikheid ook in ander se lewens raaksien. Daar waar dit gaan *om weeskinders en weduwees in hulle moeilike omstandighede by te staan en om jou skoon te hou van die besmetting van die wêreld.*

Broeder en suster, mag u na vandag besef, verganklike saad is al wonderlik gemaak. Die endosperm, die proses van fotosintese maak die saadjie 'n kragentrale op sigself, dis al wonderlik dit wat verganklike saad is. Hoe wonderlik is die onverganklike, wat ons vandag mee kon werk. Die woord wat tot in ewigheid bly. Ek hoef nie vêr te gaan soek nie. Aan die hand van die Heilige Gees mag dit wees 'n woord binne jou, ja 'n ingeplante woord. Wie egter hier wegloop en nie die onverganklike kan insien nie, hoeveel ander dinge is in so 'n mens se lewe, wat vandag ook gemaak het, dat ek het in die spieël gekyk, maar ek het maar vlak gekyk. Die oomblik toe ek wegloop het ek klaar vergeet hoe ek gelyk het. Die woord, ja op die einde die

wet het vir so een geen waarde nie. Mag die Heilige Gees, ja die vermoëns wat die Heilige Gees het, in sulke harte ook werk waar geen mens kan werk nie. Om vandag se woord ook 'n ingeplante woord te maak. Hoe wonderlik as die Gees en die woord jou by die onverganklike saad kon uitbring!

AMEN